Reg. Nr. 1993/006713/08

Tel: 012 326 6770/ 323 0682
Fax/Faks: 012 326 8374

Web: www.vtm.org.za
PO Box/Posbus 1514, Groenkloof 0027

voortrekkermonument
en natuurreservaat/and nature reserve

15 September 2017

VAKATURE –TOERISMEBEAMPTE , VOORTREKKERMONUMENT (VTM) (MSW)

Die VTM, waarby die Bloedrivier Erfenisterrein in KZN ingesluit is, is sentra van uitnemendheid m.b.t. toerisme en erfenisbewaring. Aansoekers vir hierdie pos word versoek om beknopte CV's en bewyse van kwalifikasies te stuur aan die Menslike Hulpbronbeampte by bdpa@vtm.org.za. Slegs diegene wat vir die gestruktureerde keuringsproses gekies word, sal in kennis gestel word.

Sleutelprestasie-areas:

- Kommunikeer gereeld en op kreatiewe wyse met die toerisme- en erfenismark.
- Bemark die VTM-Groep by toerismeskoue en –uitstallings.
- Skakel met en bemarking aan toeroperateurs, toer- en reisagentskappe, vervoermaatskappye, die gasvryheidsbedryf, en ander toerisme-verwante organisasies om die Monument as nasionale erfenisterrein en besoekpunt te bemark.
- Identifiseer en administreer samewerkingsgeleenthede met toeroperateurs en ander rolspelers.
- Die saamstel en onderhoud van relevante nasionale en internasionale toerisme databasisse.
- Saamstel van maandelikse toeroperateurstatistiek.
- Navorsing en opstel van die nuutste toerisme tendense en -marksegmente.
- Besprekings van historiese toere vir toergroepe.
- Om die aanlyn kaartjiebesprekingstelsel te bestuur.
- Hulp verleen met algemene bemarkingsaksies en spesiale geleenthede.

Minimum posvereistes:

- BA-graad in Erfenis- en kultuurtoerisme / Bemarking / Kommunikasie of soortgelyke tersiêre kwalifikasie
- Aanbeveel: Honneursgraad in Erfenis- en kultuurtoerisme
- Ten minste twee jaar ervaring in die toerismebedryf

Vaardighede:

- Uitstekende kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels
- Rekenaargeletterd (MS Office – Excel gevorderd - en Internet)
- Vermoë om statistiekhouding toe te pas en te interpreteer
- Kennis dra van nasionale en internasionale toerisme-tendense
- Goeie kennis van en bestuur van sosiale media

Persoonlike eienskappe

- Uitgaande persoon met sterk skakeling- en bemarkingsvaardighede en wat kliëntediens georiënteerd is.
- Professionele voorkoms
- Moet in spanverband kan werk

Sluitingsdatum vir aansoeke: 13 Oktober 2017

Besturende Direkteur/Managing Director: Me Cecilia Kruger

Direkteure/Directors

Voorsitter/Chairman: Van Wyk WC Bailey A Botha PR Brink DJ Cruywagen AA Gouws JD Grobler JEH
Landman EF Mostert J Pienaar AJ Pretorius C Spies WD Van der Merwe JH